**NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP DINSDAG, 31 MAART 2026 OM 09:00**

**TEENWOORDIG:**

Speaker, rdh M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas
Uitvoerende Onderburgemeester, rdd J M de Beer

**RAADSLEDE:**

| | |
|---|---|
| Bess, D G (DA) | Penxa, B J (ANC) |
| Booysen, A M (VF+) | Pieters, C (ANC) |
| Gaika, M F (EFF) | Pypers, D C (DA) |
| Jooste, R J (DA) | Smit, N (DA) |
| Le Minnie I S (DA) | Soldaka, P E (ANC) |
| Nel, M (DA) | Van Essen, T (DA) |
| Ngozi, M (ANC) | Vermeulen, G (VF+) |
| O'Kennedy, E C (DA) | Warnick, A K (DA) |
| Papier, J R (GOOD) | Williams, A M (DA) |

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T J Möller Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Bestuurder: Verkeers- en Wetstoepassingsdienste, mnr R Steyn
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

## 1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadsdames, raadshere, raadslede, amptenare en lede van die publiek.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste open die vergadering met skriflesing en gebed op uitnodiging van die Speaker.

Die Speaker dra sy gelukwensing oor aan raadslede wat hul verjaarsdag die afgelope tyd herdenk het.

Die Speaker betoon sy medelye met amptenare en ander wat geliefdes aan die dood afgestaan het, en spesiaal aan mnr A Duda, 'n voormalige raadslid, wat sy seun in 'n ongeluk verloor het. Die Speaker bedank rdl Ngozi vir sy bystand tydens die ongeluk.

## 2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl C Fortuin en die Direkteur: Beskermingsdienste.

## 3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

### 3.1 GEBRUIK VAN SELFONE TYDENS RAADSVERGADERINGS

Die Speaker/...

Die Speaker verwys na die dokument wat aan elke raadslid uitgedeel is wat dien as uittreksel uit die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake die Hou van Vergaderings, PK 8648 gedateer 19 Augustus 2022 –

Paragraaf 27(7): Die gebruik van selfone gedurende vergaderings word verbied. Selfone moet afgeskakel wees tydens vergaderings tensy vooraf reëlings getref is met die Speaker. Boetes mag opgelê word vir veronagsaming van hierdie artikel en moet genotuleer word.

‘n Bespreking volg insake die motivering/redes vir voormelde ordereëls en noem die Speaker dat dit hersien kan word wanneer die nuwe Raad ingestel word.

**VIR KENNISNAME**

**3.2 SERTIFIKAAT VAN VERDIENSTELIKHEID: MNR G E (DIHNO) WHITE**

Rdl G E White se lidmaatskap van die Patriotic Alliance (PA) is op 26 Maart 2026 beëindig.

Die Speaker versoek die Uitvoerende Burgemeester om ‘n Sertifikaat van Verdienstelikheid te oorhandig aan mnr Dihno White as erkenning van sy werksaamhede as wyksraadslid van Wyk 11.

Die Munisipale Bestuurder noem dat ‘n kennisgewing ontvang is dat die tussenverkiesing in Wyk 11 gehou sal word op Woensdag, 11 Junie 2026 en gee die volgende datums deur:

- 18 en 19 April : Registrasienaweek
- 30 Mei : Opleiding van personeel
- 4 Junie : Opleiding van agente van politieke partye
- 9 Junie : Spesiale stemme
- 11 Junie : Tussenverkiesing

Die Munisipale Bestuurder sal ‘n alternatiewe datum oorweeg vir die Portefeuljekomitees wat geskeduleer was vir Woensdag, 11 Junie 2026, met in ag neming van die versoek vanaf die ANC dat die vergadering nie plaasvind op die dag na die tussenverkiesing nie.

**VIR KENNISNAME**

## 4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

### 4.1 NOTULE VAN ‘N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP 29 JANUARIE 2026

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl I S le Minnie, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

Dat die notule van ‘n Gewone Raadsvergadering gehou op 29 Januarie 2026 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

### 4.2 NOTULE VAN ‘N SPESIALE RAADSVERGADERING GE 27 FEBRUARIE 2026

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl E C O’Kennedy, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die notule van ‘n Spesiale Raadsvergadering gehou op 27 Februarie 2026 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

## 5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

### 5.1 NOTULE VAN ‘N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 9 DESEMBER 2025

### 5.2 NOTULE VAN ‘N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 21 JANUARIE 2026

5.3 **NOTULE VAN ‘N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE HOU OP 18 FEBRUARIE 2026**
saamgelees met

**NOTULES VAN PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERINGS GEHOU OP 11 FEBRUARIE 2026**

**6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

**6.1 NOTULE VAN ‘N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 26 NOVEMBER 2025**
**6.2 NOTULE VAN ‘N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 29 JANUARIE 2026**
**6.3 NOTULE VAN ‘N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 18 FEBRUARIE 2026**
**6.4 NOTULE VAN ‘N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 24 FEBRUARIE 2026**

**7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

Geen.

**8. SAKE VIR BESPREKING**

**8.1 AANVAARDING VAN OORSIGVERSLAG OP 2024/2025 JAARVERSLAG (7/1/1/1)**

Die konsep Jaarverslag vir die 2024/2025 finansiële jaar is ingevolge artikel 127 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 op 29 Januarie 2026 aan die Raad voorgelê, waarna die jaarverslag vir kommentaar deur die publiek en betrokke staatsorgane ter insae beskikbaar gestel is.

Die Munisipale Publieke Verantwoordbaarheidskomitee (MPAC), onder voorsitterskap van rdl E C O’Kennedy, het op 5 Maart 2026 vergader om die kommentaar ontvang op die konsep jaarverslag te oorweeg vir die opstel van die 2024/2025 Oorsigverslag.

Die 2024/2025 Oorsigverslag, ter aanvaarding van die finale 2024/2025 Jaarverslag word deur die Speaker tot stemming gebring en beslis (in die afwesigheid van een raadslid) met 15 stemme ten gunste van die aanvaarding van die verslag en ses raadslede wat buite stemming bly.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl E C O’Kennedy, gesekondeer deur rdl I S le Minnie)

(a) Dat die Raad, gegewe hy die 2024/2025 Jaarverslag van Munisipaliteit Swartland oorweeg het, die Oorsigverslag aanvaar in terme van artikel 129 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (MFMA);

(b) Dat die 2024/2025 Jaarverslag van Munisipaliteit Swartland goedgekeur word sonder voorbehoud, in terme van artikel 129 van die MFMA;

(c) Dat die notules van vergaderings waar die Jaarverslag bespreek is in die teenwoordigheid van die rekenpligtige beampte (Munisipale Bestuurder), aan die Ouditeur-Generaal, die Provinsiale Tesourie en die Wes-Kaapse Departement van Plaaslike Regering voorgelê word as aanhangsels tot die Oorsigverslag, in terme van artikel 129(2) van die MFMA;

(d) Dat die 2024/2025 Oorsigverslag van Munisipaliteit Swartland openbaar gemaak word in terme van artikel 129(3) van die MFMA en aan die Wes-Kaapse Wetgewer voorgelê word in terme van artikel 132(2) van die MFMA;

(e)/...

(e) Dat, met die aanvaarding van die Oorsigverslag, die betaling van prestasiebonusse aan die Munisipale Bestuurder en Direkteure ingevolge paragraaf 3.1.2 van die Oorsigverslag deur die Raad goedgekeur word.

**8.2 2026 GEïNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) (2/1/4/4/1)**

Die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) is die Munisipaliteit se hoof strategiese plan wat handel met die mees kritieke ontwikkelingsbehoeftes van die munisipale area (eksterne fokus) sowel as die mees kritieke bestuursbehoeftes van die organisasie (interne fokus).

Die verslag tot die sakelys bevat die wetgewende vereistes vir die wysiging van die GOP, onder andere dat die tertafellegging van die jaarlikse begroting, vergesel moet wees van, onder andere, enige voorgestelde wysigings aan die GOP na die jaarlikse hersiening daarvan ingevolge Artikel 34 van die Munisipale Stelselswet.

Die Speaker gee geleentheid vir raadslede om insette te lewer op die GOP, en word die volgende uitgelig:

(1) Rdl A K Warnick – die bevolkingsyfers in die GOP en Areaplanne is verouderd en kan beplanning van grootmaat infrastruktuur/dienste nie gebaseer word op onakkurate statistieke nie. Daar word versoek dat ‘n metode deur die Munisipaliteit oorweeg word om akkurate sensus statistieke te bekom.

(2) Rdl B J Penxa – ondersteun versoek van rdl A K Warnick om sensus te laat doen, aangesien daar baie nuwe intrekkers tot die gebied is en ‘n bekommernis bestaan oor ‘n toename in misdaad.
Rdl Penxa spreek sy kommer uit, met verwysing na die De Hoop-behuisingsprojek, dat daar ‘n afname in kwaliteit/standaard/verskillende spesifikasies is in die fase wat nou gebou word teenoor die 1ste fase. Rdl Penxa noem dat voormelde, onder andere, op skrif aan die administrasie deurgegee sal word, aangesien die kommer bestaan dat ASLA nie die tendervoorwaardes nakom nie.

(3) Rdl P E Soldaka noem dat die sosiale verantwoordbaarheid van tenderaars/ beleggers/kontrakteurs om ‘n bydrae te lewer tot gemeenskapsprojekte in die Munisipaliteit nie in die GOP/Areaplanne weerspieël word nie. Rdl Soldaka versoek dat daar gerapporteer word op die bydraes insake sosiale verantwoordbaarheid. Rdl Penxa noem dat daar ‘n speelpark in Alfastraat is wat dringende opgradering van speelapparaat benodig en dat die tenderaar wat aangestel is vir die elektrisiteit-voorsiening aan De Hoop moontlik ‘n bydrae tot die projek kan lewer.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die versoeke van raadslede oorweeg sal word en noem, onder andere, dat daar reeds by die Wes-Kaapse Regering om befondsing aansoek gedoen is vir ‘n sensusopname om die nuutste bevolkingsyfers te bekom. Die Munisipale Bestuurder noem verder dat dit belangrik is om projekte uit die GOP/Areaplanne te identifiseer vir sosiale verantwoordbaarheidsbydraes om sodoende die Munisipaliteit en raadslede te beskerm. Wanneer daar egter ‘n dringende behoefte ontstaan en nie in voormelde vervat is nie, dit met die wyksraadslid opgeneem moet word.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word beslis (in die afwesigheid van een raadslid) met 17 raadslede ten gunste van die konsep 2026 GOP vir doeleindes van publieke deelname en die res van die raadslede wat buite stemming bly.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl G Vermeulen)

(a) Dat die Raad kennis neem van die wysiging van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) asook die hersiening van die areaplanne wat ter tafel gelê is in terme van artikel 17(3) van die MFMA;

(b) Dat, alhoewel die Raad nie MFMA Omsendskrywe 88 goedkeur nie, Swartland Munisipaliteit deel sal neem aan die 2026/2027 DCoG loodsprojek ten opsigte van die indikatore wat deel vorm van die loodsprojek;

(c) Dat die DCoG indikatore nie in die bestaande indikator tabelle in die GOP geïnkorporeer word nie, maar ingesluit word as 'n aanhangsel tot die GOP;

(d) Dat ’n verdere konsultasie- en verfyningsproses gedurende April 2026 gevolg sal word.

**8.3 TERTAFELLEGGING VAN DIE KONSEP MEERJARIGE KAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTINGS, GEWYSIGDE BEGROTING- EN VERWANTE BELEIDE, EIENDOMSBELASTING, TARIEWE EN ANDER HEFFINGS VIR 2026/2027, 2027/2028 EN 2028/2029 VIR DOELEINDES VAN DIE PUBLIEKE DEELNAME PROSES (5/1/1/1, 5/1/1/2 – 2026.27, 5/1/4)**

Die konsep Kapitaal- en Bedryfsbegrotings vir die 2026/2027, 2027/2028 en 2028/2029 finansiële jare word ingevolge Artikel 16(2) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) (MFMA) ter tafel gelê, soos oorweeg tydens die vergadering van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gehou op 24 Maart 2026.

Die Speaker gee geleentheid aan raadslede om insette op die konsep begroting te lewer en noem –

Rdh T van Essen dat hy (i) nie die 11.44% verhoging van elektrisiteitstariewe ondersteun nie, aangesien die res van munisipaliteite 'n verhoging van slegs 9.02% voorstel; (ii) nie saamstem met die prioriteitsorde van projekte vir die opgradering van die Swartland Watersuiweringswerke nie; (iii) voorstel dat die vervanging van toerusting vir die opruiming van onwettige vullisstorting en aankoop van nuwe toerusting bespoedig moet word om toe te sien dat dorpe in die Swartland skoon bly.

Die Uitvoerende Burgemeester bedank die Direkteur: Finansiële Dienste en betrokke amptenare vir die tyd en moeite wat ingesit is met die opstel van die begroting. Die Uitvoerende Burgemeester wys op die voertuie wat op die begroting geplaas is om dienslewering ten opsigte van vullisverwydering, wetstoepassing en brandweerdienste te bevorder.

Die Uitvoerende Burgemeester wys verder daarop dat die voorgestelde verhoging in die elektrisiteitstarief van 11.44% onderhewig is aan die vereiste NERSA-prosesse, en doen 'n beroep op die administrasie om oorweging daaraan te verleen om die tarief met die voorlegging van die 30-dae begroting in Mei 2026 na 9.01% te verlaag.

Die Uitvoerende Burgemeester, met verwysing na onlangse gesprekke met die plaaslike Sakekamers en die beginsel van "koop plaaslik", versoek dat die 80/20-beginsel in terme van die Voorkeurverkrygingsbeleid gewysig word. Die Munisipaliteit het 'n verantwoordelikheid teenoor besighede binne die munisipale gebied om 'n bemagtigende en ondersteunende ekonomiese omgewing te skep.

Die Uitvoerende Burgemeester stel dus voor, met erkenning dat 10 punte ingevolge wetgewing aan BBBEE toegeken word, die oorblywende 10 punte ten opsigte van lokaliteit as volg toegeken word vir implementering met ingang van 1 April 2026:

– 8 punte vir lokaliteit binne die grense van Swartland Munisipaliteit;
– 2 punte vir lokaliteit binne die grense van die Wes-Kaap.

Die aanbevelings is deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gehou op 24 Maart 2026 oorweeg vir tertafellegging van die 2026/27 tot 2028/29 konsep MTREF aan die Raad op 31 Maart 2026, vir doeleindes om effek te gee aan die publieke deelname proses. Die finale goedkeuring van die 2026/27 tot 2028/29 MTREF sal op 28 Mei 2026 plaasvind.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word beslis met 15 stemme ten gunste van die tertafellegging van die konsep meerjarige kapitaal- en bedryfsbegrotings en verwante aangeleenthede vir doeleindes van publieke deelname en die res van die raadslede wat buite stemming bly.

**BESLUIT** [Nota: Vir die volledigheid en implementering van die besluit sal daar op die Engelse weergawe staat gemaak word.]
(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesekondeer deur rdl N Smit)

(a) Dat die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste opdrag gegee word om die Koste van Voorsiening studie wat vir Water- en Sanitasie gedoen moet word, uit te brei om Vullisverwyderingsdienste in te sluit;

(b) Dat kennis geneem word dat, gebaseer op die jongste riglyne vanaf NT, die kapitaaluitgawe vir die opgradering van die elektrisiteitsvoorsiening wat verband hou met die Eskom-gedeelte van die toevoer na die De Hoop-substasie, nou as 'n bedryfsuitgawe beskou word en die toelae-finansiering as 'n konstruksie-kontrak-inkomste. Die substasie projek sal, gebaseer op kommunikasie wat op 11 Maart 2026 vanaf die DEE ontvang is, gedeeltelik deur INEP (R14 278 000) befonds word wat 'n tekort te

weeg bring van R44 672 748 wat deur die Raad gefinansier moet word, wat meebring dat die elektrisiteitsdiens teen 'n verlies van ±R15 miljoen vir die 2026/2027 finansiële jaar gelewer word, aangesien die Raad nie die publiek met hierdie addisionele kontant-uitvloei wil belas nie;

(c) Dat die Raad goedkeuring verleen vir oorbruggingsfinansiering ten bedrae van R15 505 200 vir sekere elektriese infrastruktuur kapitaalprojekte **(De Hoop R3 685 200, Moorreesburg R6 660 000 en Darling R5 160 000)**, befonds deur die CRR, weens die tydsberekening van die INEP-toelae wat mag verskil van die Munisipaliteit se finansiële jaar in die konteks van goedkeuring van befondsing deur die Departement en implementering van projekte in die munisipale konteks;

(d) Dat die Raad kennis neem dat die koste soos beoog deur Artikel 19 (2)(a)(b) verkry is na konsultasie met die onderskeie direkteur(e) wie die koste bevestig het soos per **(Annexure A: 2026/2027 – 2028/2029 Draft Budget and Tariff File)** en oorweeg dieselfde;

(e) Dat die Raad voor die goedkeuring van die konsep kapitaal projekte bo R 50 miljoen soos gelys in **(Annexure B: 2026/2027 – 2030/2031 Capital Projects ito Sec 19)**, eers die geprojekteerde koste wat alle finansiële jare dek totdat die projek in werking is; en die toekomstige bedryfskoste en inkomste op die projek, met inbegrip van belasting- en tarief-implikasies oorweeg;

(f) Dat die Raad en publiek kennis neem dat die beplanning vir drie (3) groter infrastruktuurprojekte oor die nuwe MTREF, soos hieronder gelys, nie die beplande kontantvloei sal verminder totdat daar werklike spandering in jaar 3 van die MTREF en daarna plaasvind nie. Die kontantvloeibegrotingskedules toon dat die kontantsaldo's toeneem, terwyl dit nog nie beduidende kontantuitvloei ten opsigte van die projekte weerspieël nie, gegewe die beperkings in die formules van die NT-begrotingskedules, in vergelyking met die vereiste wat op munisipaliteite geplaas word deur die LTFP en CEF om inkomste modellering oor 'n 5-10-jaar tydperk te doen;

(1) Swartland Watersuiweringswerke wat die OPGRADERING van die suiweringswerke by die VOëLVLEIDAM behels – Hierdie projek sal die behandelingsskapasiteit van die Swartland Watersuiweringswerke verhoog vanaf 27ml per dag tot 40ml per dag om aan die bestaande piek- en toekomstige wateraanvraag te voldoen. Uitklaring rakende die omvang van die projek, detail ontwerp en omgewingsmagtiging sal gedurende die 2026/2027 en 2027/2028 finansiële jare afgehandel word waarna die konstruksiefase sal volg vir 'n beraamde periode van 36 maande. Die beraamde koste vir die projek beloop R250 miljoen;

(2) Swartland Watersuiweringswerke en die Kasteelberg Reservoirs – Die projek behels die opgradering van die grootmaat waterpyplyn tussen die Swartland Watersuiweringswerke en die Kasteelberg Reservoirs. Die kapasiteit van voorsiening van die bestaande pyplyn moet uitgebrei word om in die verhoogde piek- en toekomstige wateraanvraag te voorsien. Dit is die voorneme om 'n nuwe pyplyn langsaan die bestaande pyplyn aan te lê. Uitklaring rakende die omvang van die projek, identifisering van die roete van die pyplyn, onderhandelinge met grondeienaars, omgewingsmagtiging en gedetailleerde ontwerp sal gedurende die 2026/2027 en 2027/2028 finansiële jare gefinaliseer word, waarna die konstruksiefase sal volg vir 'n beraamde tydperk van 24 maande. Die beraamde koste vir die projek beloop R200 miljoen.

(3) Darling Rioolsuiweringswerke – Hierdie projek sal die behandelingskapasiteit van die Darling Rioolsuiwerings-werke verhoog vanaf 1.9ml per dag na 4.0ml per dag. Dit gebeur dikwels dat dié werke oorlaai word en die behandelingskapasiteit oorskry word. Die opgradering is dus nodig om aan die toekomstige aanvraag te voldoen. Die omvang van die projek, detail ontwerp en omgewingsmagtiging sal gedurende die 2026/2027 en 2027/2028 finansiële jare afgehandel word, waarna die konstruksiefase sal volg vir 'n beraamde tydperk van 36 maande. Die beraamde koste vir die projek beloop R91.5 miljoen.

(g) Dat die Raad dit toepaslik geag het om die totale konsep kapitaalprogram te oorweeg, uitgesluit die 6 projekte bo R 50 miljoen soos gelys in **(Annexure B: 2026/2027 – 2030/2031 Capital Projects ito Sec 19)** aangesien die voorgenoemde kapitaalprogram se operasionele koste, insluitend die toekomstige koste wat gedek

sal word deur óf belasting en/of die normale kostesentrums gekoppel aan daardie dienste soos in die bedryfsbegroting;

(h) Dat die Raad die befondsingsbronne oorweeg wat verband hou met die raad se konsep kapitaalprogram en daarop let dat die befondsingsbronne beskikbaar is en nie vir ander doeleindes geoormerk is nie;

| FINANCING SOURCES | DRAFT BUDGET 2026/27 | DRAFT BUDGET 2027/28 | DRAFT BUDGET 2028/29 |
|---|---|---|---|
| Capital Replacement Reserve (CRR) | R 143 838 305 | R 179 661 565 | R 224 219 078 |
| Municipal Infrastructure Grant (MIG) | R 25 680 000 | R 28 129 000 | R 28 907 000 |
| Dept. of Infrastructure | R 41 355 000 | R 63 000 000 | R 71 785 000 |
| Integrated National Electrification Programme (INEP) | R 29 859 000 | R 21 811 000 | R 22 797 000 |
| Dept. Cultural Affairs and Sport | R 121 739 | R 43 478 | R 43 478 |
| | | | |
| **GRAND TOTAL** | **R 240 854 044** | **R 292 645 043** | **R 347 751 556** |

(i) Dat die Raad die konsep kapitaalprojekte as deel van die gekonsolideerde kapitaalprogram goedkeur soos per **(Annexure A: 2026/2027 – 2028/2029 Draft Budget and Tariff File)**;

(j) Dat die volgende konsep totale uitgawes per departement (per direktoraat) goedgekeur word, wat insluit beide bedryfs- en kapitale uitgawes per direktoraat (VOTE), ten einde departemente in staat te stel om pro-aktief ongemagtigde uitgawes te voorkom;

| 2026/27 MTREF | Capital Expenditure by Vote | | | Operating Expenditure by Vote | | | Total Expenditure by Vote | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| R thousands | 2026/27 | 2027/28 | 2026/27 | 2026/27 | 2027/28 | 2026/27 | 2026/27 | 2027/28 | 2026/27 |
| Vote 1 - Corporate Services | 354 | 277 | 229 | 51 868 | 55 508 | 58 776 | 52 221 | 55 785 | 59 005 |
| Vote 2 - Civil Services | 120 076 | 155 723 | 202 858 | 432 298 | 449 813 | 490 899 | 552 374 | 605 536 | 693 757 |
| Vote 3 - Council | 132 | 12 | 12 | 26 263 | 27 263 | 28 289 | 26 395 | 27 275 | 28 301 |
| Vote 4 - Electricity Services | 60 198 | 72 466 | 70 992 | 710 431 | 676 486 | 750 289 | 770 629 | 748 952 | 821 281 |
| Vote 5 - Financial Services | 986 | 434 | 525 | 94 746 | 100 847 | 107 623 | 95 732 | 101 281 | 108 148 |
| Vote 6 - Development Services | 49 895 | 63 094 | 71 883 | 216 254 | 102 510 | 156 191 | 266 149 | 165 604 | 228 074 |
| Vote 7 - Municipal Manager | 12 | 12 | 12 | 12 160 | 12 574 | 13 392 | 12 172 | 12 586 | 13 404 |
| Vote 8 - Protection Services | 9 202 | 627 | 1 240 | 141 206 | 151 914 | 163 327 | 150 408 | 152 541 | 164 567 |
| **Grand Total** | **240 854** | **292 645** | **347 752** | **1 685 226** | **1 576 915** | **1 768 787** | **1 926 080** | **1 869 560** | **2 116 538** |

(k) Dat die konsep hoë-vlak meerjarige Kapitaal- en Bedryfsbegrotings ten opsigte van die **2026/2027 – 2028/2029** finansiële jare goedgekeur word, in ooreenstemming met artikel 16, 17 en 19 van die MFMA;

| | Original Budget 2025/2026 | Mid-Year ADJB 2025/2026 | Draft Budget 2026/2027 | Draft Budget 2027/2028 | Draft Budget 2028/2029 |
|---|---|---|---|---|---|
| Capital budget | 293 798 527 | 280 050 142 | 240 854 044 | 292 645 043 | 347 751 556 |
| Operating Expenditure | 1 458 809 231 | 1 515 384 860 | 1 685 226 196 | 1 576 914 883 | 1 768 786 530 |
| Operating Revenue | 1 606 490 727 | 1 725 538 886 | 1 794 805 226 | 1 799 909 263 | 2 015 147 880 |
| **Budgeted (Surplus)/ Deficit** | **(147 681 496)** | **(210 154 026)** | **(109 579 030)** | **(222 994 380)** | **(246 361 350)** |
| Less: Capital Grants | 120 565 734 | 141 838 438 | 96 984 000 | 112 990 000 | 123 539 000 |
| **(Surplus)/ Deficit** | **(27 115 762)** | **(68 315 588)** | **(12 595 030)** | **(110 004 380)** | **(122 822 350)** |

(l) Dat daar goedkeuring verleen word vir die konsep kennisgewing ingevolge artikel 14(1) en (2) van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 ten opsigte van die heffing/implementering van eiendomsbelastingkoerse, vrystellings en afslag op eiendomme soos gespesifiseer in die onderstaande skedule en in die eiendomsbelastingbeleid vir die 2026/2027 finansiële jaar; vir doeleindes van die publieke deelnameproses;

| **Category of property** | **Rate ratio** | **Rate-in-the-Rand** |
|---|---|---|
| Residential properties | 1: 1 | 0.005831 |
| Business and Commercial properties | 1: 1,6671 | 0.009721 |
| Industrial properties | 1: 1,6671 | 0.009721 |
| Agricultural properties | 1: 0,25 | 0.001458 |
| Mining properties | 1: 1,6671 | 0.009721 |
| Public Service Infrastructure | 1: 0,25 | 0.001458 |
| Properties owned by an organ of state and used for public service purposes | 1: 1,6671 | 0.009721 |
| Public Benefit Organisations | 1: 0 | 0.00 |
| Vacant properties | 1: 1,4965 | 0.008726 |
| Municipal properties | 1: 0 | 0.00 |
| Conservation Areas | 1: 0 | 0.00 |
| Protected Areas | 1: 0 | 0.00 |
| National Monuments | 1: 0 | 0.00 |
| Informal Settlements | 1: 0 | 0.00 |

***Exemptions and Reductions***

- ***Residential Properties:*** *For all residential properties, the municipality will not levy a rate on the first R15 000 of the property's market value. The R15 000 is the statutory impermissible rate as per section 17(1)(h) of the Municipal Property Rates Act.*

***Rebates in respect of a category of owners of property are as follows:***

- ***Indigent owners****: 100 per cent rebate will be granted to registered indigents owners in terms of the Indigent Policy to a maximum valuation of R105 000;*

- ***Qualifying senior citizens, qualifying Indigent owners and disabled persons****: A rebate to an amount equal to the rates payable on the first amount of the valuation of such property to a limit of R400 000 for the 2026/2027 financial year.*

***NB:*** *Please refer to the municipality's property rates policy in respect of all rebates offered.*

(m) Dat die Raad die eiendomsbelastingkoerse, tariefstrukture en heffings vir water, vullisverwydering, riool, elektrisiteit en ander diverse heffings soos uiteengesit in **(Annexure A: 2026/2027 – 2028/2029 Draft Budget and Tariff File)** goedkeur met die doel om publieke deelname toe te laat;

(n) Dat die Raad die voorgestelde elektrisiteitstariewe as konsep goedkeur vir die 2026/2027 finansiële jaar, **met inagneming van die insette wat ontvang gaan word tydens die publieke deelname proses, ingesluit NERSA se insette en finale goedkeuring wat teen Mei afgehandel sal word**;

(o) Dat die jaarlikse begrotingstabelle soos vereis deur die Begrotings- en Rapporteringsregulasies en uiteengesit is in **(Annexure C: Budget Report and A-Schedules 2026/2027 – 2028/2029)** goedgekeur word;

(p) Dat **die wysigings** aan die begrotings- en verwante beleide soos vervat in **(Annexure D: Draft Amendments to Budget & Related Policies 2026/2027)**, goedgekeur word met die doel vir die publiek se menings en kommentaar;

(q) Dat die Raad kennis neem dat enige wysigings aan die begrotingsverwante beleide ten opsigte van delegasies na afloop van die goedkeuring van die finale begroting sal plaasvind;

(r) Dat die opleidingsbegroting van R 1 862 747 vir die 2026/2027 finansiële jaar as konsep goedgekeur word;

(s) Dat die Raad kennis neem van die verhogings van senior bestuur en personeel, wat op nasionale vlak onderhandel en bepaal word:

- Ten opsigte van alle personeel, 'n verhoging van **4.75%** vir 2026/2027; **5.25%** vir die 2027/2028 en **5.25%** vir 2028/2029 finansiële jare, uitgesluit die toename in ander voordele wat van toepassing is en die jaarlikse 2,415% kerfverhoging waar van toepassing;

- Daar is voldoende begroot vir alle salarisaanpassings;

- Voorsiening is gemaak vir 'n **3%** verhoging vir politieke ampsbekleërs;

(t) Dat die Raad kennis neem van die begrote bedryfssurplusse en dat die begroting "kontant gefinansier" word as gevolg van die kontantreserwes in tabel A8, die totale groei in uitgawes van **11.2%** vanaf die huidige na die nuwe finansiële jaar en die inkomstebronne met 'n groei in inkomste van **7.2%** (**kapitale toekennings uitgesluit**) vir die MTREF periode, sowel as die kontantvloei-staat soos per **(A-schedule: A7)** vir die volgende drie finansiële jare;

- die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes is **9.2 maande** vir 2026/27, **10.4 maande** vir 2027/28 en **9.1 maande** vir 2028/29;

- oor die volgende drie finansiële jare is die beplanning van so 'n aard dat die verwagte netto bedryfsurplusse **(kapitale toekennings inkomste uitgesluit)** vir 2026/27, 'n bedrag van **R 12 595 030**, vir 2027/28 'n bedrag van **R 110 004 380** en vir 2028/29 'n bedrag van **R 122 822 350** beloop;

(u) Dat die Raad kennis neem dat die omvattende inkomstemodelleringsoefening 'n proporsie insluit vir groei, gegewe die tendens van verhoogde huishoudelike verbruik en groei in dienste aansluitings;

(v) Dat die Raad kennis neem dat die begroting opgestel is in die nuwe mSCOA Weergawe 7.1 soos vereis deur Nasionale Tesourie;

(w) Dat die Raad kennis neem van die inhoudelike van die Provinsiale- en Nasionale Tesourie se Begroting-Omsendbriewe soos aangeheg in "**Annexure E: Budget Circulars"**; **insoverre dit betyds ontvang is**;

(x) Dat die Raad, in die besonder, kennis neem dat die gewysigde Omsendskrywe No. 134 vanaf Nasionale Tesourie eers oor die vorige naweek ontvang is wat vereis dat die begroting daarmee belyn moet word, wat 'n onmoontlike taak is, gegewe die tydsraamwerke om 'n geloofwaardige begroting op te stel in ooreenstemming met die goedgekeurde GOP- en Begroting Prosesplan;

(y) Dat die Hoof Finansiële Beampte voldoen aan die vereistes van die Begrotingsformate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie en dat **NT Omsendskrywe Nr.134 met die Finale begroting in Mei 2026 volledig geïnkorporeer sal word aangesien dit eers op 21 Maart 2026 versprei was;**

(z) Dat die Raad kennis neem van die vordering met mSCOA soos aangedui op die *mSCOA-roadmap* **"Annexure F: mSCOA Roadmap"**, as gevolg van uitdagings met die funksionaliteit van die finansiële stelsel wat veroorsaak word deur die voortdurende wysiging aan die *mSCOA-chart*;

(aa) Dat die publieke deelname proses om insette/kommentaar vanaf die publiek te verkry ten opsigte van die konsep begroting, **gewysigde** begrotings- en verwante beleide en dokumente, ingesluit die eiendomsbelastingskoerse en tariewe teen **12:00 voormiddag op 22 April 2026 sluit en duidelik gemerk moet word "Insette op Konsep Begroting". <u>Let wel</u>: Kommentaar/insette op die GOP moet per aparte korrespondensie geskied;**

**BESLUIT VERDER**

(bb) Dat die wysigings aan die Voorkeurverkrygingsbeleid, met in begrip van die voorstel deur die Uitvoerende Burgemeester ten opsigte van die puntetoekenning in paragraaf 9.7 as volg:

| Locality of supplier | Number of Points for Locality (80/20) | Number of Points for Locality (90/10 |
|---|---|---|
| Within the boundaries of the Western Cape | 2 | 1.5 |
| Within the boundaries of Swartland Municipality | 8 | 3.5 |

met ingang van 1 April 2026 vir die 2025/2026 en 2026/2027 finansiële jare geïmplementeer word.

**8.4 KONSEP 2026/2027 DIENSLEWERING- EN BEGROTINGIMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/4/2)**

Die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) definieer die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) as 'n gedetailleerde plan wat deur die burgemeester van 'n munisipaliteit ingevolge Artikel 53(1)(c)(ii) van die MFMA goedgekeur word vir implementering van die munisipaliteit se lewering van dienste en van sy jaarlikse begroting.

Die doel van die SDBIP is om die munisipale bestuur te ondersteun om diensleweringsteikens, sowel as die spandering van die kapitaalbegroting binne vasgestelde tydsraamwerke te bereik.

Die konsep 2025/2026 Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan is op 24 Maart 2026 deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee oorweeg vir aanbeveling aan die Raad.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesekondeer deur rdl N Smit)

(a) Dat die Raad kennis neem van die aangehegte konsep 2026/2027 Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) wat in terme van regulasie 14 van die Munisipale Begroting en Rapportering Regulasies ter tafel gelê word;

(b) dat die SDBIP in terme van regulasie 15 van die Munisipale Begroting en Rapportering Regulasies aan Nasionale Tesourie en Provinsiale Tesourie voorgelê word.

**8.5 VASSTELLING VAN ONTWIKKELINGSBYDRAES VIR 2026/2027 (15/1/B)**

Die ontwikkelingsbydraes word jaarliks hersien en het ten doel om so akkuraat as moontlik die pro rata gedeelte van die werklike kapitaalkoste van grootmaat-infrastruktuur te bepaal wat nodig is om 'n betrokke ontwikkeling van dienste te voorsien.

Daar word jaarliks 'n afslag op die ontwikkelingsbydraes oorweeg om as aansporing te dien vir ontwikkelaars om in die Swartland munisipale area te belê. Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 24 Maart 2026 die voorgestelde bydraes oorweeg en voorgestel dat die afslag van 55% vir die 2026/2027 finansiële jaar onveranderd bly.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word beslis (in die afwesigheid van een raadslid) met 17 stemming ten gunste daarvan en die res van raadslede wat buite stemming bly.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

(a) Die aangehegte kategorieë van ontwikkelingsbydraes vir die 2026/2027 finansiële jaar goedgekeur word en ingesluit word by die tariewelêer vir publieke deelname doeleindes:

- Greenfields"-ontwikkelingsbydraes vir grootmaat elektrisiteit - (Bylae "A");
- "Brownfields"-ontwikkelingsbydraes vir elektrisiteit (Bylae "B");
- Ontwikkelingsbydraes water (Bylae "C");
- Ontwikkelingsbydraes vir riool (Bylae “D”);
- Ontwikkelikngsbydraes vir paaie – (Bylae “E”)

(b) ’n Korting van 55% op genoemde ontwikkelingsbydraes ten opsigte van die 2026/2027 finansiële jaar toegestaan word as aansporing om ontwikkeling te bevorder en beleggers te lok;

(c) Ontwikkelaars ’n ooreenkoms met die Munisipaliteit aangaan m.b.t. die betaling van ontwikkelingsbydraes ingevolge die bestaande beleide;

(d) Die werklike koste van ontwikkelingsbydraes sal op alle ontwikkelings van toepassing wees, soos bepaal en bereken deur die Direkteur: Infrastruktuur/Siviele Ingenieursdienste en die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste van toepassing wees.

**8.6 KONTRAKTE MET TOEKOMSTIGE BEGROTINGIMPLIKASIES: SLUITING VAN OOREENKOMS WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT / SWARTLAND MUNISIPALITEIT EN ANDER: LEWERING VAN WATER KONSESSIE FUNKSIE (16/1/1/B)**

Die Raad het voorheen die voorgestelde langtermyn Waterkonsessie-Diensleweringsooreenkoms tussen die Weskus Distriksmunisipaliteit en deelnemende plaaslike munisipaliteite oorweeg ten einde die Artikel 33-proses te deurloop. Daar is verder op 31 Julie 2025 aan die Raad gerapporteer dat die Artikel 33-proses voltooi is deur Swartland en Bergrivier Munisipaliteit, maar dat Saldanhabaai Munisipaliteit nog nie die Artikel 33 proses voltooi het nie. ’n Oorbruggingsooreenkoms (6de Addendum van die bestaande Diensleweringsooreenkoms) is gevolglik aangegaan vir die periode 1 Julie 2025 tot 30 Junie 2026.

Intussen is die Diensleweringsooreenkoms hersien nadat die Artikel 33-proses deur al die deelnemende munisipaliteite afgehandel is. Die opgedateerde ooreenkoms bevat nou ook die kommentaar van Nasionale Tesourie en die finansiële bestuur van die waterkonsessie versterk.

Die doel van die ooreenkoms is dat die Weskus Distriksmunisipaliteit die grootmaatwaterkonsessiefunksie namens die deelnemende munisipaliteite sal verrig, met betrekking tot die bedryf en bestuur van die Swartland Grootmaatwaterskema en die Weskus Grootmaatwatervoorsieningskema.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word dit beslis (in die afwesigheid van een raadslid) met 17 raadslede ten gunste daarvan en die res van die raadslede wat buite stemming bly.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl R Jooste)

(a) Dat die Raad kennis neem dat die Artikel 33-proses onderneem is en dat die nodige konsultasie- en nakomingsvereistes nagekom is;

(b) Dat die Raad kennis neem van die vorige besluit van 31 Julie 2025, insluitend die goedkeuring van ’n oorbruggingsreëling en beginselgoedkeuring van die langtermynooreenkoms;

(c) Dat die Raad kennis neem dat die bygewerkte Diensleweringsooreenkoms die kommentaar van die Nasionale Tesourie inkorporeer en die finansiële bestuur van die waterkonsessie versterk;

(d) Dat die Raad bevestig dat die aangaan van die ooreenkoms ’n beduidende finansiële en operasionele voordeel sal verseker deur ekonomieë van skaal en die doeltreffende benutting van hulpbronne;

(e)/…

(e) Dat goedkeuring verleen word vir die aangaan van die bygewerkte Waterkonsessie Diensleweringsooreenkoms met die Weskus Distriksmunisipaliteit, Bergrivier Munisipaliteit en Saldanhabaai Munisipaliteit vir implementering vanaf 1 Julie 2026 vir ’n termyn van nege (9) jaar;

(f) Dat, indien enige nie-wesenlike of semantiese wysigings aan die ooreenkoms of enige addendums aangebring moet word, die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gemagtig word om daarmee te handel;

(g) Dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om die ooreenkoms namens die Swartland Munisipaliteit te onderteken.

**8.7 VERKRYGING VAN DIENSLEWERINGSOOREENKOMS VIR DIE BEDRYF VAN DIE HIGHLANDS STORTINGSTERREIN: TOEPASSING VAN ARTIKELS 76 TOT 78 VAN DIE MUNISIPALE STELSELSWET, WET 32 VAN 2000 (16/4/B)**

Die Highlands Stortingsterrein, ingesluit die Herwinningsaanleg, word deur middel van ’n Diensleweringsooreenkoms deur ’n eksterne diensverskaffer bedryf en verval die ooreenkoms binne die volgende agt maande.

Die doel van die verslag is om duidelikheid te voorsien aangaande die toepassing van Artikels 76, 77 en 78 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelselswet, Wet 32 van 2000 (MSA) en of ’n Artikel 78-ondersoek vereis word voordat ’n aanvang geneem word met die verkrygingsprosesse om ’n nuwe diensverskaffer aan te stel.

Met in ag neming van die wetgewende analise wat gedoen is ten opsigte van die (1) aard van die diens, (2) gedelegeerde bevoegdhede insake diens, (3) diensleweringsmeganise en (4) risiko allokering is dit duidelik dat die bedryf en instandhouding van die Highlands Stortingsterrein ‘n operasionele ondersteuningsfunksie aan die Munisipaliteit bied en kan dit nie beskou word as die lewering van ‘n munisipale diens deur ‘n eksterne meganisme nie.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die verstryking van die bestaande diensleweringsooreenkoms binne die volgende agt maande vir die bedryf en instandhouding van die Highlands Stortingsterrein, asook die vereiste om ’n nuwe diensleweringsooreenkoms aan te gaan;

(b) Dat kennis geneem word dat ’n ontleding gedoen is om te bepaal of die verstryking en herverkryging van die diensleweringsooreenkoms die toepassing van Artikels 76, 77 en 78 van die Plaaslike Regering: Munisipale Stelselswet, 32 van 2000 noodsaak, en of ’n Artikel 78-ondersoek vereis word voordat ’n nuwe verkrygingsproses ‘n aanvang mag neem;

(c) Dat bevestig word dat, na oorweging van die bepalings van Artikels 76 tot 78 van die Munisipale Stelselswet en die toepaslike beginsels:
   (i) die voorgestelde nuwe verkryging van ‘n diensverskaffer vir die bedryf en instandhouding van die Highlands Stortingsterrein nie die oordrag van munisipale verantwoordelikheid ten opsigte van die vaste-afvalbestuursdiens, beleidsformulering, tariefbeheer of aanspreeklikheid na ‘n derde party behels nie;
   (ii) die Munisipaliteit bly dus verantwoordelik vir die lewering van die Munisipale Vaste-afvalbestuursdiens;

(d) Dat die Raad goedkeuring verleen dat die voorgestelde reëling vir die bedryf en instandhouding van die Highlands Stortingsterrein, ingesluit die Materiaalherwinningsfasiliteit, die verkryging van operasionele ondersteuning vir interne dienslewering uitmaak en nie neerkom op die instelling van, of ’n verandering aan, ’n munisipale diensleweringsmeganisme nie;

(e) Dat die Raad goedkeuring verleen dat ’n Artikel 78-proses nie vereis word nie, aangesien geen verandering aan die munisipale diensleweringsmeganisme voorgestel word nie. Dat verder kennis geneem word dat bogenoemde gevolgtrekkings gebaseer is op ’n beoordeling van die wesenlike aard van die diens, in ooreenstemming met die beginsels vervat in Artikels 76 tot 78 van die Munisipale Stelselswet;

(f) Dat kennis geneem en goedkeuring verleen word dat die verkryging van die bedryf- en instandhoudingsdienste vir die Highlands Stortingsterrein voortgaan in ooreenstemming met toepaslike verkrygingswetgewing gebaseer op die bogenoemde gevolgtrekkings.

**8.8 KANSELLASIE VAN DIE VERHURING VAN HUUR VAN ERF 4048 DARLING AAN LITTLE DARLING CRèCHE EN DIE VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN ERF 4048 DARLING VIR VROEë KINDERONTWIKKELINGSDOELEINDES (12/2/B)**

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die verslag terug verwys word.

**8.9 WYKSKOMITEES: VERSKEIE AANGELEENTHEDE (3/4/4/1)**

Die verslag het ten doel om reëlings te bevestig ten opsigte van die funksionering van wykskomitees nader aan die plaaslike verkiesing, sowel as om goedkeuring te verkry vir die ontbinding van Wyk 4 wat tans oor x6 vakatures beskik.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdh J H Cleophas)

(a) Dat die Raad goedkeuring verleen vir die ontbinding van Wyk 4 met ingang van 1 April 2026, omrede:
  (i) daar nie genoegsame tyd is tot en met die plaaslike verkiesings (moontlik November/Desember 2026) om nuwe lede te verkies en op te lei om hulle pligte as wykskomitee te vervul nie;
  (ii) daar slegs drie vergaderings geskeduleer is vir die huidige termyn;

(b) Dat die Raad goedkeuring verleen dat die vul van vakatures vir al die ander Wykskomitees gestaak word vir die res van die termyn van wykskomitees;

(c) Dat die Raad goedkeur dat die werksaamhede van Wykskomitees opgeskort word met ingang drie (3) maande voor die datum van die plaaslike regeringsverkiesing, op voorwaarde dat Wykskomiteelede steeds die toepaslike toelaes ontvang vir vergaderings wat gedurende hierdie tydperk nie gehou word nie.

**GETEKEN:**
**SPEAKER**